NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

JULIE 2018

Matt 18: 1 - 11

DINK RADIKAAL ANDERS

Matt 18:10 - 11. Wat vra hierdie teksgedeelte van ons? As ons nie opstaan teen kindermishandeling nie, is ons nie ook aandadig nie?

BID RADIKAAL ANDERS

Bid vir kinders wat mishandel/ verwaarloos word. Bid ook vir die wat daaraan skuldig is en vir die invloed wat dit op ons samelewing het.

WEES RADIKAAL ANDERS

Raak betrokke by 'n kinderbeskermings-diens of kinderhuis en leef Jesus se liefde vir kinders aktief uit.

WAT IS ANDERS DIE MAAND?

Maak tyd hierdie skoolvakansie om as gesin te bid en uit te reik na kinders wat nie die voorreg het om aan 'n stabiele familie te behoort nie.

DE EIKE IS ANDERS

Ons benodig 'n Graad 2 juffrou by die Kinderkerk.

MOET HUL NIE VERHINDER NIE

Kindermishandeling in Suid Afrika

Elke 5 ure raak daar 'n kind weg in Suid-Afrika. 77% van hierdie kinders word gevind.

Volgens UNICEF en World Concern word 1,2 miljoen kinders wêreldwyd verhandel elke jaar.

Daar word beraam dat ongeveer 3500 babas elke jaar in Suid-Afrika weggegooi word.

5.5 kinders uit elke 100 000 mense word jaarlks in Suid-Afrika vermoor. Die UNICEF wêreldgemiddeld is 4 uit elke 100 000 mense.

44,6% van hierdie gevalle is as gevolg van mishandeling of verwaarlosing.

Kindermishandeling lei tot:

- Swak sosiale vaardighede
- Kriminele gedrag
- Geestesgesondheidsprobleme
- Dwelmmisbruik
- Werkloosheid
- Herhalende siklusse van mishandeling

42,2%

van kinders in Suid-Afrika beleef een of ander vorm van mishandeling

Bronne:
https://www.saferspaces.org.za/understand/entry/child-maltreatment-in-south-africa
http://missingchildren.org.za/
https://capechameleon.co.za/abandoned-children-in-south-africa/